ONS HOOP MEISIESKOSHUIS

GEDRAGSKODE

2019

INHOUDSOPGAWE

Gedragskodes vir leerders…… 2

1. Dokumentasie…….. 4
2. Kloktye..... 4
3. Studie..... 4
4. Verlof en uitteken..... 6
5. Sondae en Kerkbesoek..... 8
6. Kleredrag..... 8
7. Grense..... 9
8. Netheid van kamers..... 9
9. Badkamers..... 10
10. Kombuisies…… 10
11. Terrein..... 11
12. Koshuiseiendom..... 11
13. Kameras……. 11
14. Selfoon/Laptops ens..... 12
15. Siekte..... 12
16. Losiesgeld..... 12
17. Elektriese apparaat..... 13
18. Eetsaal..... 13
19. Rook……..... 14
20. Drank, verdowingsmiddels en diefstal……... 14
21. Satanisme en Okkultiese bedrywighede…… 15
22. Verlaat koshuis/terrein sonder toestemming…….. 15
23. Oriëntering van nuwe leerders..... 15
24. Sleep..... 16
25. Noodplan…… 16
26. Sosiale media beleid…… 17
27. Algemeen…… 17

GEDRAGSKODE VIR LEERDERS VAN DIE
ONS HOOP MEISIESKOSHUIS
POTCHEFSTROOM
AANHEF

Die Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996 het ten doel om onderwys van progressiewe hoë gehalte te voorsien aan alle leerders ten einde 'n hegte fondament vir die ontwikkeling van al ons mense se bekwaamhede en talente te lê, die demokratiese transformasie van die gemeenskap te bevorder, rassisme en seksisme en alle ander vorms van onregverdige diskriminasie en onverdraagsaamheid te bekamp, tot die uitwissing van armoede en tot die ekonomiese welstand van die gemeenskap by te dra, die verskeidenheid van kulture en tale te beskerm en te bevorder, die regte van alle leerders, ouers en opvoeders te handhaaf en hul aanvaarding van verantwoordelikheid vir die organisasie, beheer en finansiering van skole in vennootskap met die Staat te bevorder.

1. STRAF

Straf is 'n korrektiewe maatreël of 'n bestraffing wat 'n oortreder, wat die gevolge van sy wangedrag moet verduur om sodoende die ordelike gemeenskap van die koshuis te handhaaf, opgelê word. Lyfstraf mag nie toegedien word nie.

2. REG TOT DEURSOEKING

Waar daar 'n redelike vermoede en voldoende inligting bestaan, het die senior huismoeder, hoof of 'n opvoeder die wetlike bevoegdheid om enige leerder of eiendom in besit van die leerder te deursoek of te laat deursoek vir 'n gevaarlike wapen, vuurwapen, dwelms of 'n skadelike gevaarlike middel, gesteelde eiendom of pornografiese materiaal wat op die skool/koshuis eiendom gebring word. ('n Deursoeking mag uitgevoer word ingevolge wette van algemene toepassing: die Wet op Beheer van Toegang tot Openbare Persele en Voertuie, 1985, Wet No 53 van 1985; die Wet op Dwelms en Dwelmhandel, 140 van 1992 en; die Wet op Wapens en Ammunisie, 1969, Wet no 75 van 1969.) Gedurende 'n deursoeking moet menslike waardigheid gehandhaaf word en leerders moet deur persone van hulle geslag deursoek word, verkieslik in die teenwoordigheid van ten minste een ander persoon. 'n Verslag moet gehou word van die deursoekingsprosedure en die uitslag daarvan.

3. TUGSTELSEL

Die tugstelsel van Ons Hoop Meisieskoshuis, Potchefstroom, is gebaseer op Kategorie oortredings en kan mettertyd daartoe lei dat 'n leerder voor die tugkomitee van die Koshuis verskyn. Oortredings van 'n ernstige aard kan verder meebring dat 'n leerder summier voor die Dissiplinêre komitee van die beheerliggaam gedaag word. Straf vir 'n oortreding word hierna meer volledig uiteengesit en kan wissel van 'n blote inskrywing of skorsing of permanente uitsetting uit die koshuis.

Kategorie oortredings (Minder ernstige oortredings)
Kategorie oortredings (Ernstige oortredings)
Kategorie oortredings (Baie ernstige oortredings)

4. TUGPROSEDURE

- REËLS

  Leerders ontvang met registrasie 'n Koshuisgedragskode, met oortredings en onderteken saam met die ouers as bewys dat die gedragskode ontvang is.

- GEDRAG VAN LEERDERS

  Om die goeie gedrag van 'n leerder van Ons Hoop Koshuis te voldoen, moet 'n leerder die volgende doen:
  - Onderneem om die onderwysers met die nodige respek te behandel. Leerders en onderwysers is mekaar se gelyke as mense, maar ongelyk ten opsigte van vermoëns by die koshuis.
  - Om probleme en ongelukkigheid volgens die voorgeskrewe kanale aan te meld en te help oplos.
  - Om verskillende standpunte ten opsigte van akademiese, sosiale en kulturele sake te verdra in die koshuis.
  - Om die goeie naam van die koshuis nie met gedrag, optrede en opmerkings in 'n swak lig te stel nie.
  - Om nie deur middel van gedrag, optrede en opmerkings die goeie gees en samehorigheidsgevoel in die koshuis gemeenskap te benadeel nie.
  - Die leerder het die reg om aangehoor te word.

- SAMESTELLING VAN 'N TUGKOMITEE

  Die Tugkomitee van die koshuis word saamgestel deur die Adjunkhoof, SHM, en 3 personeellede van die koshuis.

- KLAGTEPROSEDURE RONDOM LEERDERS
  - Die leerder word ingeroep deur die SHM en verwittig van die klag of oortreding
  - Die leerder kry geleentheid om haarself te verweer (in teenwoordigheid van die SHM en een ander personeellid) deur 'n verslag oor gebeure te skryf.
  - Die ouers word in kennis gestel van die aanklag en oortreding
  - Die Hoof word in kennis gestel van die aanklag en oortreding, Verslae word ook aan hom voorgelê.
  - Indien die aard van die oortreding duidelik is, besluit die adjunkhoof , in samewerking met die SHM (wat as voog vir die leerder optree) wat die gepaste straf sal wees al dan nie.
  - Ouers word skriftelik in kennis gestel van die leerders se oortreding en die gepaste straf.
  - Ouers het die reg op appèl, indien hulle nie tevrede is met die opgelegde vonnis nie.
  - Die Adjunkhoof reël 'n dissiplinêre verhoor waarby die volgende lede teenwoordig is:
    Die Adjunkhoof
    Die SHM
    Die Regsgeleerde
    Die Leerder
    Die Leerder se verteenwoordiger
    Verteenwoordiger van die BL (koshuise)
    Personeellid van die koshuis

1. DOKUMENTASIE

Leerders moet aan die begin van die jaar die volgende dokumentasie voltooi voordat hulle tot die koshuis toegelaat word:

- Inskrywingsvorm met persoonlike besonderhede
- Mediesekaart met mediese inligting en afskrif van mediese kaart
- Uittekenkaart met proefhandtekeninge en ooreenkoms gedragskode
- Buitemuurse aktiwiteitevorm
- Koshuisinventaris
- Toestemmingsbrief om met ander vervoer dorp toe te gaan
- Busbrief aangaande toestemming vir leerders om van busvervoer gebruik te maak

Uittekenkaart – word slegs op die voorkant in die ouers se eie handskrif voltooi (ouers en leerders moet teken)

- GRAAD 12 Witkaart
- GRAAD 11 Geelkaart
- GRAAD10 Bloukaart
- GRAAD 9 Pienkkaart
- GRAAD 8 Groenkaart

2. KLOKTYE

WEEK

OPSTAAN	05:45
INSPEKSIE	06:10
STILTE	06:20
ONTBYT	06:30
KOSHUIS SLUIT	07:00
MIDDAGETE	13:45
STUDIE	14:15-14:45
AANDETE	17:15
STUDIE	19:00-21:00 (EKSAMENS LANGER)
DEURE SLUIT	21:00
STILTE	21:50
LIGTE UIT	22:00

3. STUDIE

3.1 Leerders wat in kamers mag studeer moet te alle tye behoorlik geklee wees en besig met studie. Deure moet oop wees – leerders sit agter tafels en nie op beddens.

- Geen radio luister

- Geen rondlopery van enige aard word toegelaat nie,
- Geen selfone/laptops/iPads/tablets

3.2 Studietye 2½ ure per dag
Eksamentyd 3 ure per dag

Absolute stilte moet heers.

3.3 In die studiesaal geld absolute stilte – geen vraery oor werk mag plaasvind nie – ook nie vir die onderwyseres of studenteraad nie. Geen rondlopery word toegelaat nie!

3.4 Verlof om afwesig te wees van studie word slegs van die seniorhuismoeder verkry, op die regte vorm daarvoor beskikbaar in die skoolkantoor, voltooi deur die personeellid wat verantwoordelik is vir die aktiwiteit.

3.5 Afsprake vir tandartse, dokters ens. moet nie gedurende studietye val nie.

3.6 Enige leerder wat gedurende studie siek word, moet na die siekekamer gaan – nie in die kamer toegelaat nie. As leerders die dag nie skool toe gaan nie agv siekte mag hulle ook nie die middag aan sportaktiwiteite ens. deelneem nie.

3.7 Koshuishekke word vir die duur van studie gesluit. Wanneer ‘n leerder enige aktiwiteit (soos vooraf met die seniorhuismoeder gereël) gedurende studie moet bywoon, studeer sy voor en/of na die aktiwiteit in die studiesaal. Koshuishekke word nie gedurende studie vir individue oop- of toegesluit nie.

3.8 Geen telefoonoproepe word gedurende studie en/of ete gemaak of ontvang nie. Selfone mag slegs gebruik word op die vasgestelde beltye (sien later) Geen selfoon sal in die studiesaal toegelaat word nie!

3.9 Geen briewe word gedurende studie geskryf nie. Slegs skoolwerk word gedoen. Knip en plak of kunsprojekte vind slegs gedurende middagstudie plaas.

3.10 Laptops/iPads en tablets mag slegs vir studiedoeleindes gebruik word, met vooraf toestemming van die OAD.

3.11 Die studiesaal moet na aandstudie netjies agtergelaat word. Stoele word op die tafels getel, papiere opgeruim en ligte word afgesit. Elke leerder is verantwoordelik vir die tafel waarby sy studeer.

3.12 Ouers of vriende mag nie gedurende studie besoek aflê nie – behalwe as uitdruklike toestemming van seniorhuismoeder verkry word.

3.13 Na ligte-uit studeer almal wat toestemming vir laatligte by onderwyseres aan diens verkry het, in eie kamers. Niemand mag rondloop nie. ‘n Briefie vir laatligte moet op deur aangebring word waarop naam, datum, tyd en rede verskyn – moet deur onderwyseres onderteken wees. Laatligte is slegs om verder te studeer tot 23:00

3.14 ‘n Vergunning vir studeer in kamers is deur hoof en seniorhuismoeder gemaak. Die volgende standaarde moet gehandhaaf word en word na elke eksamen hersien:

Graad 8	:Gemiddeld van 85%
Graad 9	: Gemiddeld van 80%
Graad 10	: Gemiddeld van 75%
Graad 11	: Gemiddeld van 65 %
Graad 12	: Gemiddeld van 60%

Hierdie riglyne is onderhewig daaraan dat die leerder wel volgens haar vermoë presteer en word aan die diskressie van die seniorhuismoeder oorgelaat.

4. VERLOF EN UITTEKEN

4.1 Niemand mag die terrein sonder verlof verlaat nie – word slegs by seniorhuismoeder verkry.

4.2 Dorpsverlof word van die onderwyseres aan diens verkry, voordat ‘n leerder die terrein verlaat. Leerders moet op die uittekenlys teenoor haar naam uitteken. Verlof aan die dorp word slegs vanaf 14:00-17:00 verkry. Vervoer word gereël vir die leerders. Fietse, motorfietse of motors word op Woensdae vir dorpverlof toegelaat met skriftelike toestemming van die ouers. Ouers moet ‘n toestemmingsbrief skryf. Geen leerder mag ‘n ander leerder oplaai of vervoer sonder skriftelike toestemming van die ouers nie.

4.3 Skooldrag is verpligtend wanneer die terrein verlaat word, behalwe wanneer anders met seniorhuismoeder gereël.

4.4 Verlof om enige ander dag van die week die dorp te besoek, **sal slegs van seniorhuis-moeder** verkry word en ook net in uitsonderlike gevalle.

4.5 Tandartse, dokters ens. moet na middagstudie besoek word indien gereël met senior-huismoeder.

4.6 Ekstra klasse en enige ander aktiwiteite: Ouers moet ‘n toestemmingsbrief skryf, maar is nog onderhewig aan die goedkeuring van die seniorhuismoeder.

4.7 Ouers of vriende moet leerders persoonlik by die koshuis kom afhaal naweke. Die uittekenkaart moet geteken word.

4.8 Leerders mag nie Donderdae uitteken en die koshuis verlaat vir naweekverlof nie.

4.9 Alleen persone soos vooraf deur ouers gemagtig mag uitteken (Proefhandtekening-vorm). Dogters mag nie hulleself uitteken nie!

4.10 Uittekenkaarte sal direk na skool in voorportaal beskikbaar wees; daarna by die onderwyseres aan diens. Indien ‘n leerder vroeër huistoe gaan, moet die ouers haar by die diensdoenende personeellid se klas gaan uitteken.

4.11 Dag- en aandverlof word slegs deur die seniorhuismoeder toegestaan. Aandverlof sal slegs toegestaan word indien **ouers persoonlik** u dogter kom haal. Geen aandverlof of uitslaapreëlings sal vir private funksies toegelaat word nie, slegs koshuis- of skoolaksies.

4.12 As ‘n leerder uit is op dagverlof (sien bg.) mag sy nie later as 17:00 terug wees nie. Aandverlof 21:00.

4.13 Leerders moet elke naweek huistoe gaan vanaf Vrydagmiddag na skool tot Sondagmiddag om 19:00. Ouers moet leerders asb. uitteken voor 16:00. Indien leerders Maandagoggend terugkeer moet sy in skoolklere geklee wees, en terug wees om 06:45. Ouers reël self vevoer.

4.14 Die koshuis sluit elke naweek, behalwe sportnaweke – leerders mag bly tot Saterdagoggend na ontbyt – koshuis sluit daarna. Reël asb. vroegtydig met die Seniorhuismoeder persoonlik wanneer u ‘n probleem met u dogter gedurende naweke het.

4.15 Busleerders moet ‘n toestemmingsbrief van ouers hê wat ingehandig word by seniorhuismoeder. Busleerders moet op die buslys uitteken voor Donderdagaand. Die onderwyseres aan diens sal die leerders Sondagaande na aanmelding terugteken.

4.16 ☺ Vakansies teken leerders nie uit nie.

☺ Aan die begin van die jaar moet leerders om 14:00 in die koshuis wees. Geen leerder word dan toegelaat om die volgende oggend terug te keer nie. Koshuisvergadering vind plaas vanaf 18:00-19:00 in die studiesaal.

4.17 Koshuisleerders moet elke vakansie die koshuis ontruim, aangesien vakansiekursusse aangebied word. Die koshuis aanvaar **geen** verantwoordelikheid vir goedere wat nie ontruim is vir die vakansie nie.

4.18 Na elke vakansie open die koshuis om 16:00 op die dag voordat die skool begin. Alle leerders moet dan terug wees (leerders wat Maandagoggende terugkom ook) Losiesgeld moet betaal word voordat leerders tot die koshuis toegelaat sal word by die Koshuissekretaress by die skool (Toon die kwitansie). Die koshuis sluit na elke vakansie om 19:00.

4.19 Indien ‘n leerder gedurende die week die koshuis verlaat om huistoe te gaan, moet die toestemming skriftelik wees. Geen telefoonoproepe sal aanvaar word nie, slegs in uitsonderlike gevalle!

5. SONDAE EN KERKBESOEK

5.1 Leerders wat katkiseer mag Woensdae na hulle onderskeie kerke gaan. Toestemmingsbrief van die onderskeie predikante word verlang.

5.2 Alle leerders moet direk na kerk en/of katkisasie na koshuis terugkeer en nie in die dorp rondslenter nie (na later as 19:00)

5.3 (Sien reëlings vir busleerders)

5.4 Die koshuis sluit Sondagaand om 19:00. Niemand word toegelaat om na hierdie tyd terug te keer nie. Uittekenkaarte is tot en met hierdie tye in die portaal beskikbaar vir terugteken.

5.5 Kleredrag: netjiese rok, langbroek, kortbroek of slenterdrag wat aan die reëls voldoen, word toegelaat.

6 KLEREDRAG

6.1 SPORT

Die voorgeskrewe drag moet gebruik word.

6.2 SKOOL

Somer: Geel rok met wit bloes, wit kouse en swart skoene en pull-over

Winter: Swart romp/langbroek met wit langmouhemp, das, swart kouse en swart skoene, baadjie, trui en pull-over

6.3 MIDDAE

Na skool mag leerders aantrek wat hulle wil, solank dit netjies en binne perke is.

6.4 TYDENS ETES

In die oggende en middae moet die voorgeskrewe skooldrag gedra word. Dogters mag nie kaalvoet of met pantoffels gaan eet nie.

6.5 ALGEMEEN

- Daar moet altyd probeer word om netjies geklee te wees. Uitheemse en uitlokkende drag en maniere word ten strengste verbied

- As ‘n groep na die Olënpark of Kenneth McArthur gaan, moet skooldrag aangetrek word. Dit geld ook wanneer die terrein verlaat word om dorp toe te gaan (tensy anders gereël met SHM)
- Skooldrag word nie vereis wanneer leerders die Suidsentrum besoek nie – kleredrag moet altyd netjies wees.

7 GRENSE

7.1 Die skoolgebou is buite die grense behalwe wanneer leerders daar moet optree onder toesig van ‘n onderwyser.

7.2 Na aandete is die grens vir kuier slegs die grasperk voor die meisieskoshuis.

7.3 Geen seuns mag dogters in die geheim ontmoet of oor die grense gaan om hulle te ontmoet nie. Leerders mag nie aan die agterkant van die koshuis kuier nie.

7.4 Geen seun/man word in die dogterskoshuis toegelaat nie. Dogters mag ook onder geen omstandighede die seunskoshuis besoek nie. Dogters word ook nie in die seunskoshuis toegelaat nie. Enige manspersoon wat sonder verlof van die Senior Huismoeder in die koshuis toegelaat word, sal as ‘n ernstige oortreding beskou word en sal hom skuldig maak aan ‘n dissiplinêre verhoor.

7.5 Alleen dogters wat saans aan een of ander funksie deelneem mag na die skool gaan.

7.6 Vreemde- of enige manspersoon mag nie sonder verlof van die seniorhuismoeder deur leerders na hul kamers geneem word nie. Moeders mag met naweke vir leerders help om tasse te dra.

8 NETHEID VAN KAMERS

8.1 Leerders is verantwoordelik om hulle eie kamers skoon te hou.

8.2 Beddens moet altyd netjies opgemaak wees.

8.3 Niemand mag met skoene op die bed lê nie.

8.4 Boekrakke en lessenaars moet altyd netjies reggepak wees en afgestof.

8.5 Kaste moet netjies wees en deure toegesluit.

8.6 Geen artikels bv. selfone, beursies ens. moet in kamers rondlê nie – sal geskud word.

8.7 Vuil wasgoed moet in wasgoedsak geplaas word en sal gediens word indien leerder vir die naweek weens sportverpligtinge moes inbly.

8.8 Geen matrasse mag rondgeskuif word nie. Matrasse mag nie op die grond lê nie.

8.9 Daar mag op geen meublement van die koshuis geskryf of gekrap word nie!

8.10 Geen troeteldiere mag in die koshuis aangehou word nie.

8.11 Handdoeke moet opgehang word.

8.12 Vloere moet netjies gehou word. Indien leerders vuil mors moet hulle self skoonmaak.

8.13 Vensters moet toegemaak word gedurende skoolure, naweke en vakansies, ligte moet afgesit word.

8.14 Snippermandjies moet elke oggend buite die kamerdeur geplaas word.

8.15 Blinders en meubels mag nie uit kamer verwyder word nie.

8.16 Geen spykers mag in mure ingekap word nie. Geskikte prente mag slegs op kasdeure met "prestik" vasgesit word. Prente moet na elke einde van 'n kwartaal verwyder word sodat mure en kaste gewas kan word.

8.17 Leerders mag nie sonder verlof van die SHM of OAD kamers ruil nie.

9 BADKAMERS

9.1 Wasbakke en storte moet altyd skoon agtergelaat word.

9.2 Geen proppe en stortkoppe mag verwyder word nie.

9.3 Toilette moet te alle tye netjies gelaat word.

9.4 She-bins word in badkamers voorsien en gereeld gediens – mag nie verwyder word nie. Geen sanitêre doekies in toilette nie! (dit verstop die riool)

9.5 Leerders mag nie stort tydens studie, stilte, inspeksie na ligte-uit saans of voor opstaantyd nie. Studenteraad het 'n spesiale vergunning om na stiltetyd saans tot met 22:30 te bad weens verpligtinge wat saans hul tyd in beslag neem.

9.6 Geen papiere behalwe toiletpapier mag in toilette gebruik word nie.

9.7 Water en elektrisiteit moet spaarsamig gebruik word!

10. KOMBUISIES

10.1 Elke kombuisie het sy eie yskas, mikrogolf-oond en hydroboil. Hierdie apparaat word op eie risiko gebruik. Die kombuis moet netjies agter gelaat word nadat dit gebruik is.

Yskaste moet Vrydae ontruim word sodat dit skoongemaak kan word.

11. TERREIN

11.1 Die terrein om die koshuise moet netjies gehou word veral by ingange en voorportaal.

11.2 Daar word van kosgangers verwag om te help met die algemene netheid en instand-houding van blinders, meubels ens.

11.3 Hekke en voorportaal bly gesluit tot na middagete agv veiligheidsredes.

12. KOSHUISEIENDOM

12.1 Pas alle koshuiseiendom op asof dit jou eie is.

12.2 Eiendom wat beskadig of gebreek is, moet onmiddellik aan die onderwyseres aan diens gerapporteer word.

12.3 Eiendom wat deur kosgangers beskadig word, sal deur die betrokke persone vervang word.

12.4 Geen beddegoed, eetgerei, meubels, ens. mag ooit verwyder word nie, behalwe as dit jou eiendom is.

13. KAMERAS

13.1 As gevolg van veiligheidsredes het die BL, in samewerking met die koshuisbestuur besluit om kameras in die koshuis te installeer.

13.2 Kennisgewings is aangebring in die koshuis om leerders te waarsku dat die koshuis gemonitor word.

13.3 Kameras word gemonitor in die kantoor in die kombuis.

13.4 Kameras is aangebring slegs in die koshuisgange. Geen privaatheid van jou kamer of die badkamers word dus in gedrang gebring nie.

13.5 Indien 'n persoon nie in sy kamer self teenwoordig is nie, mag geen ander leerder in die persoon se kamer ingaan en daar vertoef nie.

13.6 Indien enige leerder bogenoemde reëling verontagsaam, en daar raak goed weg, sal jy eerste verdink word!

13.7 GEEN leerder het insae in die opnames van die kameras nie tensy jy direk betrokke is by 'n aangeleentheid. Die OAD en SHM moet teenwoordig wees.

14. SELFOON/iPADS/LAPTOPS/TABLETS

14.1 Die koshuis aanvaar geen verantwoordelikheid vir selfone/iPads/tablets of laptops wat gesteel word of wegraak nie waar leerder nalatig was nie.

14.2 Geen selfone sal gedurende studie in die studiesaal toegelaat word nie!

14.3 Geen selfoon mag tydens etes, studie of stiltetyd gebruik word nie.

14.4 Selfone moet na 22:00 op "silent" gestel word, en geen kuiery sal na dié tyd toegelaat word nie.

14.5 Gedurende studie en ete sal geen oproepe ontvang of gemaak word nie. Ouers moet gevra word om alleen dringende oproepe gedurende hierdie tye direk aan die seniorhuismoeder te maak.

14.6 Take mag in die SHM se klas of studiesaal getik en gedruk word. Laptops/iPads mag slegs vir tikwerk en navorsing gebruik. Laptops mag nie na 21:00 saans gebruik word nie. Toestemming moet verkry word van die OAD

15. SIEKTE

15.1 Alle leerders wat siek is moet by die seniorhuismoeder, matrone en diensdoenende onderwyseres voor of met ontbyt rapporteer.

15.2 Geen siek leerder word in die kamer toegelaat nie, leerders gaan na die siekekamer.

15.3 Slegs seniorhuismoeder of matrone sal die afsprake by die geneesheer maak, met ouers se toestemming.

15.4 Geen onderwyseres of matrone sal in skooltyd leerders na die geneesheer vervoer nie.

15.5 Ernstige gevalle sal deur die matrone of onderwyseres aan diens na die geneesheer of hospitaal vervoer word.

15.6 LET WEL! Geen leerder sal vir fisio- of tandartsafsprake na die onderskeie persone geneem word nie. Hierdie afsprake moet nie in studie val nie.

15.7 Mediesenommers en medisyne reëlings moet vooraf op die gebruiklike kaart ingevul word.

15.8 **Geen** medisyne mag aan leerders verskaf word deur personeel nie.

16. LOSIESGELD

16.1 Losiegelde is streng vooruitbetaalbaar op die eerste dag van elke termyn.

16.2 Geen kosganger sal tot die koshuis toegelaat word tensy haar losiesgeld ten volle betaal is nie – of die nodige stappe in die verband gedoen is nie (toon kwitansie voor toelating)

16.3 Elektroniese inbetalings kan gedoen word. Skakel asb. met die finansiële kantoor.

17. ELEKTRIESE APPARAAT

17.1 Slegs die volgende elektriese apparaat word in die koshuis toegelaat - radio's en haardroërs word op eie risiko toegelaat indien daar gehou word by die voorgeskrewe tye en reëls in die verband (nl. studie, stilte en voor- en na ligte uit nie).

17.2 Slegs een warmwater/kouewater stelsel per koshuis sal voorsien word in die kombuisies daarvoor ingerig.

17.3 Verlengkoorde en warmkomberse is streng verbode! Waaier verwarmers mag tydens die wintermaande gebruik word, en waaiers tydens somermaande maar 'n addisionele heffing sal gevra word per maand. Plakker van SHM sal aan leerder verskaf word as bewys van betaling.

17.4 Kragproppe mag ook nie oorlaai word nie! Alle elektriese apparaat moet gedurende skoolure en naweke uitgetrek word.

17.5 Geen ander ketels, oop elemente, elektriese komberse, verwarmers, TV's of rekenaars word in die koshuis toegelaat nie!

17.6 In die studiesaal is rekenaars beskikbaar waar take getik kan word. Die internet is ook in A24 beskikbaar vir navorsing en skooltake.

17.7 Geen kerse of vuurhoutjies mag gebruik word met kragonderbrekings nie (brandgevaar), gebruik asseblief 'n flitslig of die nuwe "touch lights" beskikbaar op die mark.

18. EETSAAL

18.1 Na die klok gelui het, stap leerders na eetsaal en tree graadgewys in rye aan. Stilte heers in rye

18.2 In eetsaal heers daar ordelikheid.

18.3 Tafelhoofde

- Sit aan elke tafel
- Sien toe dat almal ordelik is
- Let op na leerders se tafelmaniere
- Rapporteer afwesige leerders aan onderwyseres aan diens
- Sien toe dat alle leerders genoeg kos kry

18.4 Geen rondlopery word geduld nie.

18.5 Geen leerder word in die kombuis toegelaat nie, behalwe met die onderwyseres aan diens se toestemming gedurende ete.

18.6 Geen eetgerei mag uit eetsaal verwyder word nie.

18.7 Alle klagtes word gerapporteer aan studenteraad of onderwyseres wat dit weer in boek sal skryf.

18.8 Geen voedsel mag van personeeltafel geneem word nie.

18.9 Indien almal genoeg kos gekry het, mag leerders weer gaan inskep.

18.10 Geen kos mag uit die eetsaal geneem word nie sonder SHM of OAD se toestemming.

18.11 Toebroodjies en tee/koeldrank sal eerste pouse voorsien word – geen dorpsleerders mag van hierdie voorreg gebruik maak nie. Studenteraad wat dagdiens doen sal toesig hou.

18.12 Graad 8 leerders bly sit na elke ete, sodat daar afgedek kan word na ete.

18.13 Indien die koshuis sluit vir die naweek moet leerders vooraf hulle middagete bespreek (Woensdag) op die voorgeskrewe vorm by die matrone aan diens.

18.14 Indien etes gekanselleer moet word moet dit verkieslik **EEN** dag voor die tyd by matrone gedoen word. ‘n Boete sal gehef word vir etes wat nie bygewoon word nie.

18.15 Leerders moet vroegtydig self reël by die matrone en OAD vir etes indien hulle aktiwiteite moet bywoon en etes vir hulle uitgehou of ‘n kospakkie voorberei moet word.

18.16 Etelyste word voltooi die week voor die toetsreeks of eksamen. Skriftelike toestemming om by die huis te studeer moet by SHM ingedien word.

19. ROOK

19.1 Is ten strengste verbode vir alle leerders. Enige vorm van rook word verbied in die koshuis en ook op die koshuisterrein. Indien ‘n leerders haar skuldig maak aan bogenoemde, sal sy ‘n skriftelike finale waarskuwing kry en ‘n onderhoud sal met ouers gehou word. Oortreding kan tot uitsetting lei.

20. DRANK, VERDOWINGSMIDDELS EN DIEFSTAL/SKERP VOORWERPE

20.1 Enige gebruik van drank of verdowingsmiddels deur ‘n koshuisleerder in die koshuis, of tydens ‘n koshuis- of skoolaksie sal as ‘n ernstige oortreding beskou word.

Die leerder se ouers sal onmiddellik inglig word en ‘n dissiplinêre verhoor sal volg. Leerders wat hulle skuldig maak aan een van bogenoemde oortredings se koshuisinwoning mag onmiddellik opgeskort word.

20.2 Indien ‘n leerder haar skuldig maak aan **diefstal** sal haar ouers ingelig word oor die oortreding, ‘n dissiplinêre verhoor sal volg en haar koshuisinwoning kan onmiddellik opgeskort word.

21. SATANISME EN OKKULTIESE BEDRYWIGHEDE

Hierdie tipe bedrywighede word ten strengste verbied in die koshuis.

22. VERLAAT KOSHUIS SONDER TOESTEMMING

22.1 Indien 'n leerder die koshuis verlaat na sluitingstyd in die aand, sonder om wettige toegang of toestemming daarvoor te verkry, sal 'n dissiplinêre verhoor gehou word, en kan koshuistoelating in gedrang kom.

23. ORIËNTERING VAN NUWELINGE

23.1 Oriëntering word ten strengste verbied!

23.2 Die studenteraad en personeel sal ‘n bekendstellingsprogram opstel wat, onderhewig aan die seniorhuismoeder en hoof/BL se goedkeuring met nuwelinge gevolg sal word.

23.3 Geen matriek mag enige oriënteringsaksie met graad 8-leerders onderneem nie, behalwe saam met die studenteraad.

23.4 Geen liggaamlike straf of ontneming van voorregte mag plaasvind nie.

23.5 Geen afwykings van vooropgestelde program sal geduld word nie.

23.6 Geen graad 8 sal van haar slaap, kos of enige studietyd ontneem word nie.

23.7 Geen nuweling mag seniors se klere was nie.

23.8 Slegs studenteraad en matrieks mag deelneem aan die bekendstellingsprogram onder leiding van die OAD en SHM.

23.9 ‘n Bepaalde datum vir ontheffing moet aan die seniorhuismoeder voorgelê word en geen vorm van oriëntering sal na hierdie datum toegelaat word nie.

23.10 Geen graad 8 sal toegelaat word om gedurende ete, stilte, inspeksie of studie take vir studenteraad of matrieks te verrig nie.

23.11 Die seniorhuismoeder, onderwyseres en studenteraad het die reg om enige vorm van oriëntering wat nie aan bogenoemde vereistes voldoen nie, onmiddellik te staak en op te tree teen skuldiges.

24. VERHOUDINGS/SLEEP

24.1 Koshuisleerders vanaf graad 8 tot 12 word toegelaat om te sleep. Hierdie is ‘n vergunning wat te enige tyd deur die seniorhuismoeder teruggetrek mag word indien leerders die volgende gedragskodes t.o.v. sleep oortree:

- Sleeptyd is saans direk na ete totdat die eerste klok vir studie lui.
- Graad 8 leerders mag in ‘n groep kuier
- Sleeptyd is slegs in die aande tussen 17:30 en 18:45
- Geen leerder word toegelaat om te talm nadat die klok gelui het nie.
- Geen studente, leerders van ander skole of werkende jongmense sal toegelaat word om by die koshuis te kom sleep nie, behalwe met spesiale toestemming van die seniorhuismoeder.
- Daar mag slegs voor die koshuis (hoofingang) van die koshuis op die gras (of bankies) gesleep word. Nie in motors of enige ander plek nie. Motors mag slegs voor die koshuis parkeer word. Kleredrag van meisies sowel as die van seuns moet ordentlik en fatsoenlik wees.
- Studenteraad sowel as die presidente en visepresidente sal gedurende sleeptye deurloop en enige ongerymdhede onmiddellik aan die onderwyseres aan diens en/of seniorhuismoeder rapporteer.
- Leerders wat sleep moet nie ‘n verleentheid vir omstanders en ander leerders wees nie.
- **GEEN** fisiese verhouding tussen dieselfde geslag of tussen seun en meisie word in die koshuis toegelaat nie. Indien ‘n leerder haar hieraan skuldig maak sal sy onmiddellik ‘n dissiplinêre verhoor ontvang en koshuisinwoning kan opgeskort word.

25. NOODPLAN

Die koshuis se noodplan sal aangebring word in elke gang en kamer. Elke leerder moet die seine van die noodplan hieronder ken.

25.1 **ONTRUIM KOSHUIS** – **<u>TEKEN</u>** Klokke wat vinnig na mekaar en aanhoudend lui

<u>Optrede:</u>

- ✓ Verlaat onmiddellik die koshuis, ordelik en sonder geraas na naaste nooduitgang.
- ✓ Karee se inwoners ontruim na grasperk voor Karee.
- ✓ Wag-‘n-Bietjie ontruim na grasperk voor Wag-‘n-Bietjie.
- ✓ Taaibos en Suikerbos voor Ons Hoop se grasperk.
- ✓ SR van jou gang gaan jou naam afmerk en kontroleer dat jy veilig is saam met die OAD.
- ✓ Slegs OAD of SHM gee teken om terug te keer na kamers sodra alles veilig is.

25.2 **NIE-ONTRUIM – <u>TEKEN</u>** Klok lui lank en aanhoudend

<u>Optrede:</u>

- ✓ Gaan lê plat op die vloer naaste aan die muur/venster
- ✓ SR en OAD se kontroleer of almal daar is.
- ✓ SR, OAD en SHM sal telefonies in kontak wees met mekaar tot gevaar verby is.

- ✓ Geen rondlopery en geskreeu nie!

26. BELEID OOR INLIGTINGSTELSELS EN SOSIALE MEDIA

Met inligtingstelsels en sosiale media gebruik, word bedoel alle elektroniese platvorms waarmee gekommunikeer word.

Die gebruik van die skool se inligtingstelsel vir diskriminerende materiaal. Gebruikers moet alle persone en eiendom (Ons Hoop) respekteer en moet diskriminerende optrede teenoor en die viktimisasie van ander sosialemediagebruikers op grond van geslag, ras, klas, geloof, kleur, seksuele oriëntasie, huwelik- of familiestatus, ouderdom, nasionaliteit, politieke oortuiging, godsdiens of gestremdheid vermy.

Die volledige beleid is op aanvraag beskikbaar by die skool.

27. ALGEMEEN

27.1 Gedurende die stiltetyd moet alle koshuisleerders in eie kamers bly en absolute stilte moet gehandhaaf word.

27.2 Geen leerder mag by 'n ander maat gaan slaap in die koshuis nie. (Reël met onderwyseres aan diens)

27.3 Enige klagtes, van watter aard ookal, moet aan die onderwyseres aan diens en seniorhuismoeder gerapporteer word

27.4 Sakgeld en die duplikaat sleutel van die slot van die leerder se kas kan by die senior-huismoeder ingehandig word vir veilige bewaring.

27.5 Indien ‘n kosganger wanpraktyke rapporteer, sal sy geensins geintimideer word nie.

27.6 Geen lyfstraf mag deur enige koshuisleerder toegedien word nie.

27.7 Alle magte wat aan studenteraad gegee word, moet deur die ander koshuisleerders gehoorsaam word.

27.8 Fietse en motorfietse word op eie risiko gebring en mag alleen in die fietsloods geplaas word, leerders moet ‘n toestemmingsbrief van die ouers hê. Fietse, motorfietse en motors mag slegs op Woensdae met toestemming gebruik word.

26.9 Verlof om die gronde te verlaat, kan alleen by die seniorhuismoeder verkry word. Alle spesiale- en aanverlof sal slegs deur die seniorhuismoeder gegee word.

26.10 Indien die seniorhuismoeder nie beskikbaar is nie, tree die onderwyseres aan diens in haar plek op.

27.11 Geen leerder word sonder die seniorhuismoeder se toestemming in die koshuis toegelaat tydens skoolure nie.

27.12 Geen leerder wat nie inwonende koshuisleerder is nie mag in die koshuis toegelaat word nie.

27.13 Koshuisleerders moet aan die einde van elke kwartaal hulle kassleutels by die matrone inhandig. Indien ‘n leerder haar sleutels laat wegraak, moet die sleutels/slot deur die leerder vervang word.

27.14 Heraansoeke tot die koshuis word in die vierde kwartaal hanteer. Leerders se gedrag deur die jaar en deelname moet van so aard wees dat dit 'n positiewe bydrae tot die koshuis lewer.

27.15 Hierdie gedragskodes is deur die Beheerliggaam, Hoof, Seniorhuismoeder en personeel opgestel en goedgekeur. Alle leerders en ouers onderteken op hul verlofkaarte ‘n onderneming wat hulle verbind om streng by hierdie reëls te hou.

Ouers moet dus ingelig word van die gedragskodes aangesien ‘n leerder wat hierdie kodes oortree onmiddellik deur die seniorhuismoeder, tugkomitee en hoof die koshuis verbied mag word.

27.16 Die swembadreëls moet eerbiedig word soos op die swembadkennisgewingborde aangedui. Geen swem sonder toesig van volwasse persoon/onderwyseres.

(ME.) I.M. PYPER	E.N. NICHOLENAS	BL KOSHUISE
SENIORHUISMOEDER	HOOF	BEHEERLIGGAAM
ONS HOOP		

Hersien 2018